BOEKRESENSIES

I.H. Eybers, *A GEOGRAPHY OF BIBLICAL ISRAEL AND ITS SURROUNDINGS*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 156 pp. Prys R10,75.

Die outeur het in lewe 'n leerstoel in Bybelkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika beklee. In dié hoedanigheid het hy baie jare lank Aardrykskunde van die Bybellande vir Bybelkunde-studente doseer. Die resultate van sy navorsing en sy kennis van die behoeftes van studente het hy gekombineer om hierdie boekie in 1978 te lewer. Sedertdien het dit verskeie herdrukke beleef. By hierdie vierde druk is vyf onmisbare kaarte, geteken deur mnr H.M. Schoeman van die Departement Aardrykskunde van die Pretoriase Onderwyskollege, toegevoeg.

In die eerste hoofstuk word onder meer die naam, belangrikheid en grense van die land Kanaän bespreek en afgesluit met 'n verduideliking van die metodes wat gevolg word om Bybelse plekname te identifiseer.

In hoofstuk 2 word die lande rondom Kanaän, te wete Mesopotamië, die hoogland oos van Mesopotamië, Klein Asië en die Egeïese See en Egipte bekendgestel. Benewens 'n kort beskrywing van die landstreek en lande, word dié plekke wat in die Ou en Nuwe Testamente een of ander rol gespeel het, bespreek. Plekke soos Ur, Babel, Nineve, Persië, Antiogië, Efese, Patmos, Atene, Aleksandrië, Memfis en Elefontine word behandel en Bybelse verwysings na die plekke word vermeld.

Op 'n soortgelyke wyse word die lande in die onmiddellike nabyheid van ou-Israel in hoofstuk 3 bespreek. Arabië, Edom, Sirië en Foenisië word behandel. Die grense, topografie, klimaat, handelsroetes en belangrike plekke word kortliks verduidelik.

Hoofstukke 4 tot 9 behandel die ses verskillende streke van Kanaän self. Die ses streke is: die Kusvlakte en Suidland (Negeb), Judea, Samaria, Galilea, die Jordaanvallei en die Transjordaanse Plato. By elke streek word sake soos grense, fisiese kenmerke en topografie, verbindingsweë, klimaat, landbou en stede bespreek. Telkens word die verband met een of ander gebeurtenis of vermelding in die Bybel uitgelig.

In die laaste hoofstuk word die land as geheel behandel. Sake soos verbindingsroetes, geologiese formasies, klimaat, seisoene en winde, reënval en vrugbaarheid word in hierdie hoofstuk uitgespel.

Wyle professor Eybers het met hierdie boekie daarin geslaag om 'n magdom van gegewens in skaars 150 bladsye saam te vat. In 'n tyd van eskalerende boekerekenings moet dit waardeer word dat so baie vir so 'n lae prys bekom kan word. Baie waardevol is 'n uitvoerige bladsyverwysing van die name van die plekke wat bespreek is. Die lokaliteite self word goed bespreek aan die hand van die verskillende tekste waar hulle in die Bybel vermeld word. Sodoende word iets van die verloop van 'n stad se geskiedenis weergegee (vgl. bv. die bespreking van die stad Samaria op pp. 86–7). Belangriker nog is dat dié vorm van aanbieding ook baie Bybelse gebeurtenisse vir die leser in duideliker perspektief stel. Alhoewel studente as gevolg van hierdie aanbiedingsvorm dit waarskynlik moeilik sal vind om die groot aantal feite te bemeester, leen die boek sig tog uitstekend tot naslaanwerk by eksegese en Bybelstudie.

Nogtans kan daar nie nagelaat word om enkele punte van kritiek te vermeld nie. Die wyse waarop die stof aangebied word, lei onvermydelik tot bepaalde historiese vraagstellings, asook 'n ontbloting van die outeur se Skrifbeskouings. As voorbeeld kan verwys word na die probleem rondom die besetting van die land en die verwoesting of nie-verwoesting van stede in daardie tyd. Moet Noth gevolg word of John Bright, moet die tradisionele weergawe aanvaar word of die gerekonstrueerde geskiedenisbeeld van die histories-kritiese benadering? Dit laat die vraag ontstaan tot hoe 'n mate 'n mens historiese problematiek in 'n boek oor die aardrykskunde kan toelaat. Voorts kan gevra word of dit korrek is dat die Judeërs se godsdiens as gevolg van hulle gedeeltelike isolasie "in a pure form" oorgelewer is (p.51). Het die invloed van die levities-profetiese kringe wat ná die val van Samaria na Juda toe gevlug het (vgl. Hosea en dele van Deuteronomium) dan nie juis korrektief ingewerk nie? Die aanvaarding dat Noag se ark op dié Araratgebergtes waar die Eufraat en Tigris ontspring, tot rus gekom het (p.15), word deur baie kenners betwis (vgl. die kommentare t.a.p.). Hamat lê ook nie op die Latani nie, maar op die Orontes (p.6).

Die belangrikste tekortkoming van die boek is egter die kaarte. Alhoewei die toevoeging van die vyf kaarte in hierdie vierde druk alreeds 'n baie groot verbetering is, is daar nog steeds tekortkomings. Soos hulle is, kan byvoorbeeld die grensbesprekings moeilik gevolg word. So word op p.7 verwys na Hazorenon as 'n noord-oostelike punt van Israel se grens, maar die plek word nie op 'n kaart aangetoon nie. Ook ander plekke wat vermeld word, soek 'n mens tevergeefs op die vyf kaarte. Dit sou veel beter gewees het as daar by die begin van die bespreking van elke landstreek 'n sketskaart ingevoeg word (nie aan die einde van die boek nie) met aanduiding van die tersaaklike plekke vir onmiddellike verwysing deur die leser. Soos die boek selfs in sy vierde druk daar uitsien, moet 'n mens nog steeds ander atlasse gebruik om presies te verstaan waarna die skrywer verwys.

In die geheel gesien, is die boekie 'n waardevolle hulpmiddel by die verstaan van die Bybel. Voeg daarby die relatief lae prys vir besonder baie informasie. Dit alles maak dit die moeite werd om die boek aan te skaf en te gebruik.

W Vosloo

W.S. Prinsloo, *VAN KATEDER TOT KANSEL: 'N EKSEGETIESE VERKENNING VAN ENKELE PSALMS,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984. R9,75.

In *Van kateder tot kansel* het ons 'n tydige en welkome bydrae tot die studie van die Psalms. Enige werk wat daarop gerig is om die leser dieper in te lei in "die binnekamer van die Ou Testament" (soos die Psalms deur Joh. de Groot beskryf word), is te verwelkom. As so 'n werk bowendien daarop gemik is om die Psalms toegankliker te maak ter wille van prediking, vul dit ongetwyfeld 'n leemte, want op die terrein van die Psalms word groot eise aan die prediker gestel. Juis die "bekendheid" van die Psalms kan 'n prediker daartoe verlei om by die bekende, geykte interpretasie van 'n bepaalde Psalm te hou sonder dat die interpretasie getoets, en waar nodig, gekorrigeer word deur wetenskaplik-gefundeerde eksegetiese arbeid. 'n Studie waarin die prediker of eksegeet bewus gemaak word van die noodsaaklikheid om selfs die bekendste (en skynbaar deursigtigste) Psalm intensief te eksegetiseer, kan dus van groot waarde wees. Die groot wins van *Van kateder tot kansel* is dat die skrywer deurgaans demonstreer hoe diepgaande eksegese nuwe insigte voortbring op grond waarvan die geldigheid van talle aanvaarde interpretasies bevraagteken kan word. Diepgaande eksegese blyk die enigste manier te wees waardeur 'n prediker "nuwe skatte" in die Psalms kan blootlê.

In *Van kateder tot kansel* word groot klem gelê op 'n eksegetiese metodologie wat duidelike riglyne verskaf met die oog op prediking. In die afgelope jare het eksegetiese metodologie geweldig ontwikkel, maar hierdie ontwikkeling het tot dusver weinig neerslag gevind in kommentare. Juis daarom is 'n werk soos hierdie, wat poog om die kloof tussen die (eksegetiese) teorie (oftewel kateder) en die (verkondigings-) praktyk (oftewel kansel) te oorbrug, 'n noodsaaklikheid.

In hierdie opsig het die skrywer sy doel effektief bereik. Hy lei die leser op 'n eksegetiese verkenningstog. Dit doen hy deur 'n eksegetiese metode prakties te demonstreer, eerder as om dit te verduidelik. Vanuit die eksegetiese arbeid word telkens riglyne vir die prediking getrek.

In die onderhawige boek word slegs sewe Psalms geëksegetiseer en alhoewel die betrokke Psalms in 'n sekere sin 'n arbitrêre seleksie is, is dit tog 'n sinvolle seleksie. Dit is duidelik dat die betrokke Psalms nie ingesluit is vanweë moontlike gemeenskaplikhede nie, maar omdat hulle, gemeet aan verskillende kriteria, 'n uiteenlopende aard het. Elk van die gekose Psalms kan egter as voorbeeld dien van 'n reeks soortgelyke Psalms, of as voorbeeld van Psalms waarin soortgelyke eksegetiese, teologiese en hermeneutiese vraagstukke aan die orde kom. So byvoorbeeld bevat die boek 'n Psalm (Ps 1) wat as voorbeeld dien van wysheidspoësie asook 'n Psalm (Ps 13) wat as voorbeeld dien van die sogenaamde "individuele klaaglied" — 'n "soort" Psalm wat dikwels voorkom. Die insluiting van 'n Psalm (Ps 2) wat 'n groot aantal kere in die Nuwe Testament "aangehaal" word en tradisioneel Messiaans geïnterpreteer word, is 'n goeie keuse. Dit bied aan die skrywer die geleentheid om die kwessie van die aanhaling van Ou Testamentiese Psalms in die Nuwe Testament en die moontlike invloed wat dit op die eksegetiese proses kan hê, te opper. Dat 'n Psalm (Ps 46) wat as modelvoorbeeld van die Psalmsdigkuns kan dien en tegelykertyd ver-

skeie tradisies en ook mitologiese motiewe bevat, ingesluit is, maak goeie sin. Die skrywer benut die geleentheid om laasgenoemde fasette te behandel en terselfdertyd aan te toon hoe formele skoonheid en teologiese diepte by geleentheid komplementêr is.

Die insluiting van die bekende en geliefde Psalm 121 is eweneens nuttig. Hierdeur kon die skrywer aantoon hoe geykte opvattings die uitleg van 'n Psalm in 'n bepaalde rigting kan stuur.

Die keuse van 'n "probleempsalm" soos Ps 137 (wat nog steeds dié voorbeeld van 'n moeilik-verklaarbare Psalm is weens die "harde" vloekspreuk wat daarin vervat is), bied onder meer die geleentheid om gepaste vrae te vra oor die hantering van probleemgedeeltes. Al die gekose Psalms (in die besonder ook Ps 146) bied ruim geleentheid om die vraag na die aktualisering van die inhoud van 'n Psalms, te behandel. Die hooffokus van *Van kateder tot kansel* is egter die demonstrering van die wyse waarop die eksegetiese proses uitgevoer behoort te word. By elk van die gekose Psalms word die voorgestelde metode duidelik en konsekwent toegepas en dit behoort die leser in staat te stel om daarmee vertroud te raak en self op ander Psalms toe te pas.

Die eksegetiese benadering in *Van kateder tot kansel* het eerstens die verdienste dat dit nie aangedien word as 'n voorskriftelike werkwyse nie. Veel eerder is dit, in die skrywer se woorde, 'n eksegetiese verkenning wat 'n werkbare en kontroleerbare metode wil skep. Die werkwyse van die skrywer is, baie kortliks, soos volg: By elke Psalm word daar eers aan die sinchroniese en diachroniese aspekte van die eksegetiese proses aandag gegee. Vervolgens word 'n sintese van die inhoud van die Psalm gemaak en uiteindelik word daar, op grond van die voorafgaande, riglyne vir die prediking aan die hand gedoen. In die eksegetiese proses sluit die verskillende stappe (waarin die proses verdeel word) ten nouste by mekaar aan. Sinchroniese en diachroniese aspekte word nie van mekaar vervreem nie, maar speel in hierdie "komplementêre" metode op mekaar in en kom sodoende albei tot hulle reg. Die sinchroniese is egter vóórop: die uitleg word nooit deur historiese aangeleenthede gedikteer nie.

Dié benadering hang saam met die skrywer se eerbied vir en beklemtoning van die *teks* in sy finale vorm — soos dit tot ons beskikking is. Die beklemtoning van die deurslaggewende belang van die teks is bepalend vir die metode wat in hierdie werk aangebied word. Dit lei tot 'n teksimmanente eksegese in teenstelling met die histories-kritiese metode wat in 'n groot mate opgaan in die *geskiedenis* van die teks.

Die beklemtoning van die teks "soos dit voor ons lê" het verskeie konsekwensies vir die eksegetiese metode wat gevolg word: So byvoorbeeld verseker dit dat daar met die eiesoortigheid van elke teks rekening gehou word. Al word aangetoon dat die vasstelling van Gattung (literatuursoort) noodsaaklik is by die eksegese (én die prediking!) staan die skrywer die gebruik om die teks in 'n bepaalde Gattung te forseer, teen.

Op dieselfde wyse verlei die poging om die Sitz im Leben van 'n Psalm vas te stel, die skrywer nooit om die teks self te ondergrawe nie. Voortdurend waak hy teen die skep van 'n (subjektiewe) historiese raamwerk wat die eksegetiese proses in 'n bepaalde rigting kan dwing. Die skrywer toon aan hoe dit kan gebeur dat 'n hipotetiese historiese óf kultiese Sitz im Leben die eksegese van 'n Psalm in 'n bepaalde rigting kan forseer (vgl. Ps. 121). Hy dring daarop aan dat ook in dié verband die "enigste vaste gegewene" waarmee die eksegeet werk, die teks is "wat voor ons lê" (p.103).

Die skrywer se aanslag toon dat hy, soos hy trouens ook in die inleiding sê, die werk nie as ontspanningslektuur bedoel nie. Die boek is gerig tot diegene vir wie die eksegetiese arbeid erns is en "is bedoel om gelees te word met die vinger op die Hebreeuse teks" (p.3).

Omdat 'n basiese kennis van eksegetiese vakterminologie by lesers veronderstel word, word vakterme nie deurgaans verduidelik nie. Met die eerste oogopslag kom dit dan voor of die werk, terminologies gesproke, te nà aan die kateder en te vér van die kansel staan. Die voornemende leser hoef egter nie hierdeur ontmoedig te word nie, want die gemaklike styl van die skrywer stel die betrokke en bereidwillige leser in staat om te leer terwyl hy meedoen.

In die geheel beskou, slaag die skrywer inderdaad daarin om kateder en kansel te versoen. Die leser raak algaande oortuig dat eksegese geen akademies-teoretiese spel is nie, maar dat dit die basis vorm van sinvolle en lewenswerklike prediking.

Die skrywer vul die eksegetiese proses telkens aan deur *vanuit* die eksegetiese insigte riglyne te verskaf oor die prediking. By geleentheid (Ps 13) word ook riglyne verskaf oor pastorale bearbeiding. Terselfdertyd word die leser bedag gemaak daarop dat die aktualisering met ver-

sigtigheid moet geskied. Gevolgtrekkings wat ongekwalifiseerd en ongenuanseerd gemaak word, word deur die skrywer afgewys.

Die riglyne wat vir die prediking aangebied word, is vanselfsprekend gerig op die hedendaagse Christengemeente. Al is 'n Nuwe Testamentiese perspektief by die verskaffing van dié riglyne aanwesig, kry die resensent nêrens die indruk dat hierdie perspektief op die Psalm afgedwing word, of dat die Nuwe Testament bloot as ontvlugluik gebruik word om die problematiese fasette van die Psalm te vermy nie.

Die skrywer vind die kontinuïteit tussen die twee Testamente in die feit dat dit dieselfde God is wat in albei Testamente werksaam is. Dit vorm vir hom 'n basiese hermeneutiese sleutel wat deurgaans as uitgangspunt gebruik word. Moontlik sou 'n bietjie meer beklemtoning van die diskontinuïteitsfaset wat óók in die verhouding tussen Ou Testament en Nuwe Testament aanwesig is, die riglyne nog meer genuanseerd gemaak het.

Van kateder tot kansel is 'n fyn voorbeeld van keurige, deeglike, teksgetroue eksegese. Vir almal wat met die Ou Testament gemoeid is en wat agter die kateder óf op die kansel staan, is dit 'n waardevolle rigtingwyser.

D.S.R. du Toit

A.B. du Toit (red), *HANDLEIDING BY DIE NUWE TESTAMENT, BAND V,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984. Prys R20,50.

Band I en IV van Handleiding tot die Nuwe Testament het ons hartlik by hierdie reeks voorgestel en ons die verskyning van Band V gretig laat afwag. Dit het ons ook bekendgestel aan die meeste van die medewerkers aan hierdie nuwe volume, naamlik proff.F.J. Botha, J.C. Coetzee, I.J. du Plessis, A.B. du Toit, B.C. Lategan, G.M.M. Pelser en J.H. Roberts.

Die werk word in drie afdelings aangebied:

Afdeling A

In die oriënterende eerste hoofstuk gee Du Toit 'n kursoriese oorsig oor die NT briefliteratuur in die algemeen (driekwart van die NT behoort tot briefliteratuur) en fokus dan die aandag op die Pauliniese briefliteratuur en toon in detail aan hoe dit vergelyk met die kontemporêre Griekse briefliteratuur. Die wyse waarop Paulus styl en retoriek aanwend, die wyse waarop sy briewe op skrif gestel en bekend gestel is, sy bronne, die rangskikking en groepering van sy briewe en die wyse waarop die outeursvraag van die briewe benader moet word, vorm deel van hierdie oriënterende inleiding. In hoofstuk twee word die kronologie van die lewe van Paulus beredeneer. Onder andere word gewys op die interessante moontlikheid dat Paulus se eerste sendingreis voor sy eerste noodlenigingsbesoek aan Jerusalem gedateer kan word. Die fyn detail wat in so 'n oorsig ingewerk is, val op.

Afdeling B

In hierdie afdeling word die *inleiding tot die briewe van Paulus* behandel: *Romeine* en die *Pastorale Briewe* deur G.M.M. Pelser; *1 en 2 Korintiërs* en die brief aan die *Galasiërs* deur B.C. Lategan; die gevangenskapbriewe (*Ef, Flm, Kol en Flp*) deur J.H. Roberts; *1 en 2 Ts* deur F.J. Botha. Elke skrywer het sy eie aanpak en elke brief of groep briewe stel hulle besondere eise in verband met die inleidingsvraagstukke. Behalwe die gewone inleidingsvraagstukke wat by elke brief aandag moet kry, soos: skrywer, lesers, ontstaanstyd en -plek, eenheid (en egtheid), inhoud en opbou (struktuur), aanleiding en doel is in sommige gevalle ook die verhouding van die briewe tot ander NT geskrifte, die besondere kenmerke van 'n brief, die onderlinge verhouding tussen 'n groep briewe (soos die gevangenskapbriewe), behandel. Lategan het vir die connoisseur selfs die belangrikste teksgetuies aangedui.

Afdeling C

Ons het al gewoond geraak daaraan dat op die inleiding tot 'n boek, die *teologie* (of prediking) *daarvan* logies volg. Die eerste is 'n voorveronderstelling vir die verstaan van die tweede. Op hier-

die gebied stel B.C. Lategan die oningewyde voor aan die probleem van die *verhouding: Jesus en Paulus* — die oorsprong van die vraagstuk en die stand van die ondersoek op die gebied.

I.J. du Plessis het die tafel gedek met die *Pauliniese christologie.* Hy moes hier noodwendig weer aansny by die verhouding: Jesus, Paulus. J.C. Coetzee bied die inhoud van *Paulus se prediking oor die Heilige Gees* en in noue aansluiting daarby *Paulus se eskatologiese prediking.* Hy beklemtoon tereg hoe moeilik dit is, indien nie onmoontlik nie, om een aspek van Paulus se leer te skei van die ander. Ook Lategan wys daarop in sy aanbieding van die *Pauliniese etiek.* Al beskou Pelser die Pauliniese *soteriologie* as "sentrale moment in Paulus se teologiese denke" wys hy ook op die samehang van die geheel van sy teologie. Roberts begin sy aanbieding van *Paulus se leer oor die kerk* deur te wys op die belangrikheid daarvan in die briewe van Paulus — dat dit so omvangryk is dat hy selektief te werk moes gaan, maar tog op so 'n wyse dat dit 'n geheelbeeld nie onmoontlik maak nie.

Beoordeling

Die jongste resultate van die ondersoek op hierdike betrokke studieveld, in soverre dit tot die beskikking van die skrywers was, is deur hulle verwerk of wetenskaplik verantwoord. Die student wat hierdie bundel dus ter hand neem, moet hom gelukkig ag om op so 'n hoë wetenskaplike vlak kennis te mag maak met die briewe van Paulus en dat deure vir hom hierdeur wawyd oopgemaak word tot verdere ondersoek. Aan stimulasie en prikkeling tot sodanige verdere ondersoek ontbreek dit in hierdie werk nie. Selfs die standpunt- en benaderingsverskille tussen medewerkers kan in hierdie opsig 'n belangrike bydrae lewer. Wat meer is, dit verteenwoordig 'n belangrike hoeksteen in die bouwerk van 'n eg-Afrikaanse teologie. In die klimaat van hedendaagse teologiese denke op internasionale gebied, verteenwoordig dit 'n wesenlike bydrae. Die uitgangspunt van die skrywers was onteenseglik hoë wetenskaplike standaard. Dit is egter ook bepalend vir die toeganklikheid van die werk. Vir die studerende predikant en die teologiese student sal die werk 'n uitnemende studiebron wees. Vir Bybelkundestudente met 'n beperkter teologiese verwysingsraamwerk sal dit minder toeganklik wees. As laasgenoemde as teikengroep bedoel word, sal die taalgebruik en inkleding van die stof meer verduidelikend en omskrywend moet wees.

Die tegniese versorging van die werk laat niks te wense oor nie. Daar is handig gebruik gemaak van fyndruk. 'n Mens wonder net of, wanneer van nummerering gebruik gemaak word, die "eerstens", "tweedens" en "derdens" nie maar in dieselfde tipe druk behoort te wees nie.

Die paragraafnummerering is uiters handig met die oog op verwysing.

P.P.A. Kotzé

A.C. Barnard, *EK IS GEDOOP,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 105 pp. Prys R6,95.

Die doel van hierdie boek is om in die huidige verwarrende stryd oor die doop duidelikheid te gee, sodat die twyfel oor die doop met vreugde oor die ryk betekenis daarvan vervang kan word. Ek dink daar is in die doel geslaag. Ek het dikwels 'n behoefte om 'n vermoeiende gesprek oor die doop met 'n twyfelaar te verkort deur hom 'n boek oor die doop in die hand te gee, maar hoewel ek verskeie doopboeke op my rak het, is daar nie een wat ek met vrymoedigheid so kan gebruik nie. Hier het ek nou egter een!

Die doop word helder en op die punt af in agt afdelings behandel:

1. **Die stryd oor die doop**

Die motiewe en metodes van die bestryders van die kinderdoop word met skerp begrip behandel.

2. **Die herkoms van die doop**

Die godsdienshistoriese wortels van die Christelike doop word kortliks behandel en daar word beklemtoon dat die grond van die doop primêr in Christus lê.

3. **Die wese en betekenis van die doop**

3.1 Die doop betrek ons effektief by die heilswerk van Christus.

3.2 Die doop vloei uit God se genade voort: dit is 'n genademiddel. Daar word deurlopend in die boek duidelik aangetoon hoe hierdie waarheid ons help om die kinderdoop te verstaan. Die genade gaan aan al ons aksies vooraf en daarom kan 'n suigeling wat nog nie kan glo nie, ook gedoop word.

3.3 Die doop is ook 'n genademiddel in die sin dat God werklik daardeur handel, sodat daar iets gebeur met die een wat gedoop word. Dit word teenoor K. Barth se siening dat die doop slegs 'n simbool is, gestel. Die interessante feit word aangetoon dat die grootdopers in werklikheid minder van die doop maak as die kinderdopers, omdat die doop vir eersgenoemdes slegs 'n simbool is van die mens se gehoorsaamheid aan God.

3.4 Die verhouding tussen die waterdoop en die Geesdoop word indringend behandel. Hulle moet nie geïdentifiseer of geskei word nie. Baie sektes skei die Geesdoop van die waterdoop en die geloof omdat hulle leer dat die gelowige eers by 'n later geleentheid met die Gees gedoop moet word. Ten diepste impliseer dit 'n onhoudbare skeiding tussen Christus en die Gees en 'n devaluasie van Christus. Alle gelowiges het die Gees ontvang, is met Hom gedoop, maar hulle moet telkens weer met die Gees vervul word. (M.i. moes hier bygevoeg gewees het dat die voortgaande vervulling van die gelowige met die Gees ook 'n geleidelike proses kan wees.)

3.5 Die verband tussen doop en geloof word ook behandel. Daar bestaan 'n noue verband, maar ons moet oppas om die geloof nooit tot voorwaarde vir die genade of die doop te verhef nie. Daarom word kinders nie *op grond van* die geloof van hulle ouers gedoop nie. Die skrywer formuleer dat die kind gedoop word "omdat hy deel het aan die verbond saam met sy gelowige ouers ... en nou moet hy geleer word om ... te glo".

4. **Die werking van die doop**

In hierdie afdeling word die waarheid wat ons in ons kerk soms so moeilik verstaan, nl. dat die doop meer is as 'n teken, dat God effektief iets daardeur doen, verder uitgewerk. "Inderdaad gebeur daar iets met 'n mens as hy gedoop word. Hy bly nie soos hy was nie." Saam met die Woord en die Nagmaal is die doop 'n genadewerking waardeur God mense in die gemeente inlyf. Hier word tereg op I Kor 12:13 gebou en dit is net jammer dat daar nie verduidelik word dat hierdie belangrike teks in die nuwe vertaling foutief vertaal is nie.

Die doop hoort saam met die vergiffenis, maar is nie dieselfde nie, omdat dit nie magies werk nie, maar die geloof inskakel.

5. **Vir wie is die doop bedoel?**

Hierdie is die langste afdeling en hier word die kinderdoop oortuigend bepleit. Die belangrikste besware daarteen word kortliks behandel en daarna word die groot argumente ten gunste daarvan uitgewerk. Daar word verduidelik waarom die geloof nie die verbond tussen God en mens mede konstitueer nie, maar hoe God tog ons geloof by sy verbond met ons betrek. Die basiese eenheid tussen die ou en nuwe verbond word verduidelik. Die doop vervul dus die besnydenis. Die skrywer aanvaar dat daar kinders by die Nuwe Testamentiese huisdoop ingesluit moes gewees het en beklemtoon dat Jesus kinders geseën het. Waar I Kor 7:14 sê dat die kinders van 'n gelowige ouer heilig is, beteken dit nie dat hulle nou reeds gelowiges is nie, maar dat hulle onder die genadige heerskappy van die Here gebring is. T.o.v. die kerkgeskiedenis benadruk hy dat daar geen bewyse is dat die kinderdoop eers na die Nuwe Testamentiese tydvak ingestel is nie.

6. **Die wyse van doop**

Besprenkeling, onderdompeling en oorgieting is wettige wyses van doop.

7. **Die krag en troos van die doop**

Weer eens benadruk die skrywer die waarheid dat God iets *doen* wanneer 'n mens gedoop word. T.o.v. die laaste dag moet die ongelowige gedoopte dus gewaarsku word: "dan sal die eenvoudige doopwater op u voorkop en in u siel brand." 'n Persoon wat hom laat oordoop, beëindig daarmee sy lidmaatskap van die kerk. Hy sê daarmee dat God se belofte vir hom nie genoeg is nie en dat hy dit self wil aanvul.

8. **Die verstaan, glo en uitleef van die doop**

Hier is die pastor aan die woord wat sy leser wil help om weer die vreugde van sy doop te beleef en om ander op dié weg te lei.

Ek wil die volgende punte van *kritiek* noem:

1. Die skrywer verwerk dit nie dat Paulus klaarblyklik telkens na die grootdoop verwys wanneer hy van die doop praat nie. Dit is nie 'n argument teen die kleindoop nie, want Paulus rig hom tot gemeentelede wat in die sendingsituasie groot gedoop is, maar dit het wel implikasies vir ons gebruik van sy doopuitsprake. Die grondwaarhede bly dieselfde, maar dit moet in ag geneem word dat ons uitsprake wat in die eerste plek na die grootdoop verwys, op die kleindoop van toepassing maak. Anders is dit nie heeltemal duidelik waarom ons nie kan sê dat elke gedoopte kind saam met Christus begrawe (Rm 6:4) en dus gered is nie. As ons hierdie verskil hermeneuties verwerk, maak ons dit moeiliker vir grootdopers om ons standpunt te kritiseer.

Kol. 1:11—13 moes genuanseerder gebruik gewees het. Die skrywer lê hierdie verse indringend uit om aan te toon dat "die doop in die plek van die besnydenis" gekom het. Hierdie verse sê dat 'n gelowige met sy doop 'n besnydenis van die hart, d.w.s. 'n "wegneem van die sondige natuur" ontvang, en wys dus dat daar 'n verband tussen besnydenis en doop bestaan, maar sê nie dat die doop direk in die plek van die besnydenis gekom het nie. As Paulus gemeen het dat die doop *in die plek van* die besnydenis gekom het, sou dit teen sy beginsels ingedruis het om Timoteus te besny en sou hy 'n verbod moes uitvaardig dat Joodse Christene hulle kinders besny. Ek dink dit is beter om te sê dat Kol 2 en die res van die Skrif ons help om te sien dat die doop die vervulling van die besnydenis is — wat die skrywer ook doen op p.65.

2. Daar word genoem dat die doop die inlywing in die gemeente is en ek sit met die vraag of ons nie baie meer daarvan moet maak nie. Die probleem is immers om te sê wat met die doop gebeur as alle gedooptes nie deur die doop gered word nie. Is die begrip van die inlywing in die gemeente nie 'n vrugbare een in hierdie verband nie? Inlywing in die gemeente hoef nie vir 'n suigeling op sigself saligmaking te beteken nie, want die gemeente is as gelowige gemeenskap salig en die kind is nog besig om in die geloof in te groei. Die geloof is ook die mens se eie keuse en daarom kan die opgroeiende kind nog weier om 'n gelowige te word. Hy kan hom dus uit die gemeente onttrek. Dit maak die inlywing van die doop nie kragteloos nie, want indien hy hom nie onttrek nie, is sy uiteindelike bewuste geloof nie iets wat later bykom nie, maar bloot die gevolg daarvan dat hy van kleins af spontaan in die geloofsgemeenskap van die gemeente opgegroei het. Hy hoef dan nie weer later ingelyf te word nie, want sy inlywing as suigeling bly van krag. In hierdie verband moet ook beklemtoon word dat die kind ook voor bewuste geloof inderdaad heil in die gemeente ontvang. God se heil is nie net geestelik nie, maar omvat die hele lewe. Die kind van gelowiges groei op in 'n huis waar daar van die liefde en vrede wat God gee, teenwoordig is en in dié sin ontvang hy heil. Daarom is sy inlywing in die verbondsgemeenskap 'n werklikheid.

3. Die skrywer moes meer aandag gegee het aan die groot praktiese probleem van die doop in ons kerk, nl. dat soveel ouers wat nie meelewende lidmate is of duidelik soos gelowiges lewe nie, tog ook hulle kinders laat doop. Byna alle Afrikaners word gedoop. Maak dit die oorreaksie van die grootdopers nie gedeeltelik verstaanbaar nie? Wat kan ons hieraan doen?

4. Op p.96 staan: "Wie hom laat oordoop, beëindig daarmee sy lidmaatskap aan die kerk".

Moet ons dan teruggaan na die vroeëre praktyk van sommige kerkrade om sulke persone se lidmaatskap as outomaties vervalle te beskou? Die Algemene Sinode (1978: 1045) het dit afgewys. Ek stem hiermee saam, want 'n ware gelowige behoort tot in alle ewigheid aan God se verbondsgemeenskap en kan nie "sy lidmaatskap aan die kerk" beëindig nie. Geen kerk wat homself as ware kerk van Christus beskou, mag so 'n persoon uitwerp nie. Hy kan onder tug kom vanweë sy leerdwaling, maar hy kan tot in alle ewigheid nie uit die liggaam van Christus, d.w.s. die gemeente van die Here uitgewerp word nie. Boonop laat baie mense hulle uit onkunde oordoop, sodat hulle ware behoefte nie uitwerping is nie, maar die vermaning en lering van die kerklike tug.

Ek sou heelwat vrae oor kleiner sake kon stel, maar wil dit nie hier doen nie.

Oor die geheel gesien het ons rede vir dankbaarheid dat ons hier werklik 'n goeie en bruikbare boek het. Binnekort verskyn Adrio König se doopboek ook en dan is ons waarlik met 'n stok en 'n staf gewapen. Die hoofsaak waarom dit in die doop en in die evangelie gaan, nl. die vrye genade wat aan al ons aksies voorafgaan, word goed geskilder. Die eksegese en redeneertrant is oor die algemeen betroubaar, sodat 'n mens die boek ook met gerustheid aan 'n kritiese persoon kan gee. Die literatuurlys getuig daarvan dat die wetenskapsbeoefening op datum is. Die taal en argumentasie is helder en duidelik, sodat nie-teoloë hulle aangespreek behoort te voel. Die boek behoort vir mense wat aan die kinderdoop twyfel waardevol te wees want die skrywer weet hoe hulle dink en voel. Ook vir gelowiges wat nie aan die kinderdoop twyfel nie, behoort die boek 'n hulp en vreugde te wees. Predikante sal vind dat dit hulle help om beter oor die doop te preek.

W Nicol

P.D. Strauss, *VAN MOSES TOT MARX,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 53 pp. Prys 4,70

Die skrywer het homself ten doel gestel om 'n eenvoudige en duidelike beeld van Swart Teologie op skrif te stel om "die ouderling, die gewone lidmaat en die man op straat 'n beeld te gee waaroor dit alles gaan."

Na my mening het die skrywer in dié beskeie doelstelling goed geslaag. Die skrywer het eerlik probeer verstaan wat Swart Teoloë wil sê en het hulle standpunte op 'n interessante en prikkelende wyse weergegee. Dit is nie net boekekennis nie, maar eie ervaring van gesprekke met Swart Teoloë spreek ook mee. Die verband van Swart Teologie met Swart Bewussyn word duidelik aangetoon. Net so word ook die verskille tussen Swart Teologie en Afrika Teologie aangedui.

Swart Teologie word gesien as 'n geestelike glybaan wat wel begin met die bevrydingsboodskap in die Bybel maar eindig met Marxisme. Dit begin met Moses as Bybelse bevryder wat sy volk uit slawerny moes uitlei maar eindig met Marx. Dit is nie soseer waardering vir die ateïsme van Marx nie maar wel vir die maatskappy-ontleding en revolusionêre metodes van Neo-Marxisme.

Die skrywer sien Swart Teologie nie net as 'n situasie-teologie of 'n modegier nie maar as 'n groeiende teologiese stroom wat oor 'n al wyer wordende front sal vloei en met groter intensiteit eise sal stel aan staat en kerk.

Ten slotte word Bybelse antwoorde op die aansprake van Swart Teologie gesoek en 'n eie evaluering gegee. Die skrywer se konklusie is dat geen kompromis tussen Swart Teologie en die Gereformeerde leer moontlik is nie. Swart Teologie moet dus afgewys word as 'n boom wat nie sy krag put uit die Woord van God nie.

Is hierdie oordeel miskien te skerp? Swart Teoloë is meesal eerlik besig met die Skrif. Die hermeneutiese sleutel waarmee hulle die Skrif ontsluit kan wel bevraagteken word maar nie die erns waarmee hulle na die Skrif gaan nie. Oor die gebruik van die Skrif behoort daar juis met hulle gesprek gevoer te word.

Ds Strauss beveel geen gesprek met Swart Teologie aan nie omdat dit volgens hom 'n "aantasting van die hart van die evangelie is". Hy pleit wel vir gesprekke binne die familie van Ned. Geref. Kerke oor sosio-politieke aangeleenthede waarop Swart Teologie juis teer.

Die boek eindig met 'n lang lys van geraadpleegde werke. Dit is jammer dat daar nie ver-

wys word na belangrike eksponente van Swart Teologie soos dr. Manas Buthelezi en biskop Desmond Tutu nie.

Die boekie kan as inleiding in die denke van Swart Teoloë aanbeveel word, nie net vir lidmate nie, maar ook vir predikante en teoloë.

D Crafford

C.J. Smit, *JY KÁN OP WATER STAAN*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984. Prys R7,10.

Jy kán op water staan bevat 'n twintigtal oordenkings. Hoewel daar nie juis 'n deurlopende tema is nie, word beproewing en lyding oorwegend aan die orde gestel. Elk van die oordenkings is kort en is baie geskik om as 'n dagstukkie te dien. By sommige word van 'n teks uitgegaan wat dan uitgelê word, maar by die meeste word slegs na 'n teks of 'n paar tekste verwys.

Die skryfstyl is vars en aantreklik. Die skrywer slaag daarin om met beeldryke taal sy boodskap helder oor te dra. Hy sê byvoorbeeld op 'n plek ons is "... gekraakte glas. Eintlik maar 'n handvol glasskerwe" (p.5). Op 'n ander plek praat hy weer van 'n "weerlose flenterhart" (p.63).

Ongelukkig word interessante woordskeppinge soms te ver gevoer met die gevolg dat dit nie werklik tot beter verstaanbaarheid lei nie. So tref mens goggas soos "jukstaritme" en "geëvolueerde diere" aan. Ander taalflaters is die gebruik van "komper" in plaas van rekenaar en 'n uitdrukking soos om "perspektief uit te klaar".

In hierdie boekie word die werklike vrae van die lewe aan die orde gestel. Dinge soos die voorspoed van die ongelowige, die lyding op die gelowige se pad, siekte, dood, armoede word op 'n heel nugtere en veral troosryke manier behandel. Diepsinnige sake word op 'n baie bevatlike en interessante wyse oorgedra.

Ongelukkig is die titel van die boek misleidend. *Jy kán op water staan* verwys na die stukkie geskiedenis uit die Evangelie waar Petrus vir Jesus tegemoet gestap het op die water en toe tog begin sink het. Die titel laat mens dink dit gaan in hierdie werkie oor die bo-natuurlike en buitengewone wat tot beskikking van die gelowige is. Die inhoud is egter baie sober en gerig op die gewone dinge waarmee die gelowige te doen kry — 'n winspunt van die boek! Toevallig is die betrokke oordenking ook juis die een waar 'n mens wonder of die unieke heilshistoriese situasie van die teks genoeg in aanmerking geneem is en of daar nie oorhaastige lyne na ons situasie getrek word nie.

Oor die algemeen is dit 'n heerlike boekie om te lees. Dit dwing 'n mens tot 'n nuwe nadenke oor die lewensvrae waarmee mens telkens te doen kry. Veral vir persone wat in een of ander lewenskrisis verkeer, behoort dit 'n inspirerende boek te wees.

J C Müller

Kobus Victor, *LEEF DAN AS MENSE VAN DIE LIG*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1984, pp 52. Prys R6,05.

In sy voorwoord stel die skrywer dit as sy persoonlike oortuiging dat die kernprobleem in die Ned. Geref. Kerk vandag die feit is dat baie lidmate nie weet wat kerkwees beteken nie. Sy skrywe is aldus daarop gerig om mee te help om lidmate van dié kerk te aktiveer om "inderdaad" kerk van die Here te wees — met sy teikengroep die "gemiddelde" lidmaat.

Gevolglik gaan hy in nege hoofstukke op verskillende Bybelse aspekte van die lewe van "mense van die lig" in (hy is uiteraard nie volledig nie): hulle moet wees wat hulle reeds in Christus is sodat hulle die konsekwensies van hul wedergeboorte na alle lewensterreine toe kan deurtrek; hulle moet God self beter leer ken om so Sy wil beter te soek, te verstaan en te doen; uit hul onderlinge eenheid, saamstry en die houding om hulle nie deur teenstanders te laat afskrik nie, moet hul burgerskap van Gods koninkryk duidelik blyk; hulle vorm saam 'n liefdesgemeenskap wat vir toerusting en opbou beskikbaar moet wees; hulle het 'n anker in die lewe, is voor God geregverdig deur die geloof en vertoon die vrug van "geregtigheid"; hulle is leiers wat ook kan volg.

Op oortuigende en duidelik deurleefde wyse vat die skrywer 'n hele aantal sake in die lewe van die kerklidmaat raak. Hy slaag daarin om bekende temas soms weer nuut en prikkelend te formuleer. Ek dink aan sy verwysing na die wedergeboorte as die proses waarin jy "losgeruk en losgeskeur is uit een manier van lewe en oorgeplaas is in 'n ander manier van lewe", (p.1) of, met verwysing na die sorge van elke dag soos dit voorkom in die bergrede in Matteus 6: "... die klippies-in-die-skoen van elke dag, die bekommernis oor die leë broodblik en die kinders wat hul klere ontgroei het ..." (p.38). Hy openbaar 'n aanvoeling vir die vrae én vaag geformuleerde of dikwels onuitgesproke behoeftes van ons mense vandag. In die verband is sy uiteensetting van 'n hedendaagse tendens om die verhouding tussen mens en mens ten koste van die verhouding tussen God en mens op die spits te dryf — in die hoofstuk oor die regverdigmaking deur die geloof — 'n hoogtepunt.

Daar is egter ook 'n paar sake in die boek wat hinder. Ek noem die vernaamstes.

In sy eksegese van sekere Skrifgedeeltes gaan die skrywer soms etimologies te werk sonder behoorlike inagneming van die verband. Byvoorbeeld: as hy die toerusting van die liggaam van Christus onder leiding van die ampte in Efesiërs 4:12 bespreek, word Matteus 4:21 bygetrek waarin dieselfde werkwoordstam in die Grieks (katartizo) ten opsigte van nie-geskikte vissersnette gebruik word en dan in die sin van om die nette reg te maak. Die laaste betekenismoontlikheid pas hy dan toe op onbevoegde lidmate wat skoling en toerusting aan die besondere ampte wil oorlaat! (pp.26—27). Op 'n ander plek word sonder om die bedoeling van die gedeelte te verreken, sondermeer na die Here Jesus Christus as die troue Bondsgod van Psalm 146 verwys. En so, aldus die skrywer, vind die kind van die lig in "Jesus inderdaad die *enigste* (sy kursivering) anker in sy lewe" (p.33).

Hiernaas bly dié skrywer in sy "toepassings" op die alledaagse lewenspraktyk soms besonder "wollerig" of by minder omstrede kwessies. Ten opsigte van die mens wat net leef vir die genot van die oomblik is hy op die punt af (p.31), maar as riglyn vir ons soeke na en doen van die wil van God volstaan hy met die opmerking dat ons God (beter) moet leer ken (p.12). Van die liefde in die kerk word slegs gesê dat dit oor alle grense en skeidings heensny en nie diskrimineer nie (pp.23—24). 'n Meer konkrete uitwerking daarvan ontbreek.

Kerk en koninkryk loop by die skrywer dikwels deurmekaar sonder dat hy presies aandui wat hy met elkeen bedoel (bv p.16). Hy laat ook 'n paar terminologiese knope vir vertering deur die gemiddelde lidmaat: "Christus-himne" (p.2), "die vrug van geregtigheid" (p.25), "korporatiewe liggaam" (p.30).

Ten slotte: Die skrywer lewer hiermee 'n lesenswaardige boekie vir elkeen wat wil nadink oor sy betrokkenheid by die Ned. Geref. Kerk, maar ook vir lidmate van ander kerke.

P Strauss

F. Deist, *A CONCISE DICTIONARY OF THEOLOGICAL TERMS (with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list)*, J.L. van Schaik, Pretoria 1984. Prys R17,75.

Hierdie boek het gegroei uit die woordelyste wat die outeur in sy Unisa studiegidse gebruik het. Hy verklaar dat die hoofklem veral op die terrein van Ou en Nuwe Testament en Dogmatiek val. Omdat daar 'n gebrekkige kennis is van die ou tale wil hierdie gids die student ook help om die basiese terme in daardie tale te verstaan. Verder wou die outeur ook probeer om vanweë al die denominasies 'n neutrale definisie van die verskillende terme te gee. Daar word ook vooraf gesê dat die terme maar net kortliks bespreek word. Ten slotte dien die werk hom aan as 'n studiehulp. Aan die einde is daar 'n Engels-Afrikaanse woordelys van al die terme wat behandel word en dan 'n Afrikaans-Engelse woordelys.

Binne hierdie vooropgesette raamwerk moet ek sê, is die inhoud 'n heerlike verrassing. Uiteraard is die vakgebiede wat hierbo genoem is baie goed verteenwoordig maar ook ander terreine byvoorbeeld Kerkgeskiedenis. Al die teologiese twiste kom onder hul trefwoorde aan die orde soos Arianisme, Apollinarisme, Arminianisme, Nestorianisme en noem maar op. Maar verder is daar ook trefwoorde soos Afscheiding, Bekennende Kirche, Nazism, Illuminati (4 — die sogenaamde organisasie wat die wêreld regeer deur ekonomiese manipulasie) en Tentamen. Ek

het die kort verduideliking van Nominalisme en die voorbeeld wat gegee word, die verhelderendste gevind wat ek nog in so 'n kort verklaring teëgekom het. Selfs die "Gunpower (Gunpowder) plot" word kortliks bespreek.

Ek het net die grootste lof vir hierdie boek. Ek glo dat dit 'n baie belangrike hulpmiddel is en dat dit beslis 'n leemte vul omdat ons in Suid-Afrika 'n eiesoortige probleem het. Ons het nie net met woorde uit die Engelssprekende tradisie te doen nie, maar ook woorde uit Europa byvoorbeeld Afscheiding wat nie in Engelstalige boeke bespreek word nie.

Ten slotte wil ek op die uitnodiging van die skrywer reageer en enkele aanmerkings maak. Dit is nie eintlik kritiek nie maar voorstelle om 'n werk van hoogstaande gehalte verder te verbeter met die oog op 'n latere herdruk.

Die Apostolicum is nie 'n ekumeniese belydenis nie en word dus nie "deur al die denominasies" gebruik nie, want die Grieks Ortodokse Kerk erken dit nie. By "Deism" staan "see Dualism", maar daar is nie so 'n inskrywing nie. By "Descent into Hell" word verwys na "Arian" en by laasgenoemde word gesê "see Aryan" en dan word na die Ariese paragraaf verwys in die Duitse kerkstryd. Dit het uiteraard niks te doen met die Arianisme nie en lei net tot verwarring. By "Modalistic Monarchianism" word verwys na "Monarchianism", wat ontbreek. By "Ex cathedra" sou ek iets wou byvoeg oor die onfeilbaarheid van die pouslike uitsprake (dit word wel by "Infallibility of the Pope" aangedui). Die "Lollards" is eintlik mense wat gebede mompel of sing en dus is "Psalm singers" net gedeeltelik korrek. By "Hypostasis" (2) word gesê "God appeared in the flesh" en verwys na "Anhypostasis" waar gesê word "being present without being visible". Ek vrees dat dit nie baie duidelik is nie.

Bogenoemde paar voorbeelde is (so hoop ek) konstruktiewe kritiek. Die boek word hartlik aanbeveel, trouens vir elke student en predikant is dit onontbeerlik en mens is dankbaar (en trots) dat dit in Suid-Afrika verskyn het.

C F A Borchardt